

16 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 15:29-39 (OAV)

Fokusgedeelte: Matteus 15:30, 37

In sy almag versorg God ons (die tweede vermeerdering van die brood)

Soos soveel kere vantevore was daar weer rondom Jesus 'n groot skare. Waar Hy beweeg het, was dit so. Skares mense wat hulle siekes en swakkes na Hom bring. Hoopvolles, getroues, nuuskieriges, wagtendes. Keer op keer was hulle rondom Hom saam vergader.

Weer word ons voor 'n honger skare gebring, net soos in Matteus 14:14-21. Tog kom die nood van die honger skare in hierdie gedeelte sterker na vore. *Drie dae* was die skare al by Jesus en hulle het niks om te eet nie. Weer kry die dissipels die opdrag om die skare te voed. Hulle kan nie. Waar sou hulle soveel kos vandaan kon kry? Hierdie keer het hulle sewe brode en 'n paar vissies. 'n Skare moet gevoed word. Dit sal weereens slegs met 'n wonderwerk wees wat hierdie groep mense gevoed kon word. Soos die gebruik was, dank Jesus, neem die brood en deel dit uit. Hierdie keer bly daar sewe mandjies vol brokstukke oor. Vierduisend mans het geëet en ook nog vrouens en kinders.

Saam met die dissipels kan ons met die tweede vermeerdering van die brood so duidelik leer dat Christus in oorfloed versorg. Tot versadiging. Keer op keer. In God se almag versorg Hy ons dag vir dag. In oorfloed. Juis daarom word die wonder wat herhaal, weer beskryf. Die skare was juis rondom Jesus omdat Hy magtig genoeg was om hulle te red. Daar was kreupeles, blindes, stommes, gebreklikes en baie ander. Hy kon hulle veel meer bied. Hy kon hulle brood vir die dag bied, maar Hy kon hulle ook vir ewig voed met Hom as die ewige Brood van die lewe. Jesus herhaal die wonder, en Hy herhaal dit in dieselfde streek sodat die wonder sou ingang vind in die hart van die mens.

Hy bly genadig. Hy bly barmhartig. Hy bly die een wat versorg. Altyd. Ook vir my en vir jou.

Sing: Psalm 16:1, 7, 10 (Totius)

Ds. JG Noëth (Kimberley)